

Quo Vadis

Waar gaan u heen?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 54

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

"ONS WIL SKEI"

"Ons wil skei! Daar is geen ander uitweg nie."

"En u meneer?"

"Nee, ek wil nie. Ek wil my huis heel hou; al is dit ook *net ter wille van my kinders*."

Die vrou tree tussenbeide en sê: "Vanaand moet jy die **waarheid** praat. Shame... die huis heel hou en jy behandel my soos 'n hond! Jy moet aan die dominee die waarheid vertel!"

"Ek is dankbaar dat u van die **waarheid** hou, mevrou. By die **waarheid** kom niemand verby nie. Laat ons dan oor die **waarheid** praat; oor God se Woord. Daar eindig alle teëspraak."

So het u jul huwelik begin

U sê u het albei die huweliksformulier aangehoor die dag toe u getrou het. Dan het u by die geleentheid beloop om mekaar getrou te bly, om mekaar nooit te verlaat nie. U het ook uit die Bybel die **waarheid** aangehoor hoe, nl. hoe sterk die huweliksband is. Matteus 19:3-9 is by daardie geleentheid aan u voorgelees:

"Toe kom die Fariseërs na Hom om Hom te versoek en sê vir Hom: Is dit 'n man geoorloof om oor allerhande redes van sy vrou te skei? En Hy antwoord hulle dit: Het julle nie gelees dat Hy wat hulle gemaak het, hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie... ? Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie."

Maar nou?

So het u huwelik in die Naam van die Here, begin. God het u aanmekaar verbind. U staan dus nou ook voor God met u huidige besluit. By die hof mag u maklik verbykom, maar u staan dan nog voor God, want u wil verbreek wat Hy saamgebind het!

Dink daaraan...

Die begin van u huwelik was in die Naam van die Here. U het aan Hom 'n gelofte gedoen. Sê vir my: lees u nog in die huis saam uit die Bybel? Bid u nog? Gaan u gereeld kerk toe? Het u al gebid dat God aan u in die krisistyd van u huwelik lig moet skenk?

Die man antwoord: "Ek bid so nou en dan. Ek lees nie gereeld uit die Bybel nie, maar wat help dit? Ek kan nie insien wat die Bybel kan doen om my huwelik te red nie."

"Dominee, ons ken nie huisgodsdienst nie. Dit vind net nie plaas nie!" antwoord die vrou.

Daar lê die fout

Ons wil aan u sê: die oorsaak van u probleme is dat die Bybel nie die middelpunt van u lewe en u gesin is nie. Kom ons lees uit Genesis 35. In vers 1 staan dat God aan Jakob sê: "Maak jou klaar, trek op na Bet-el en woon daar."

Waarom moes Jakob juis na Bet-el trek? Ons kry die antwoord in Genesis 28. Op vlug vir sy broer Esau, het Jakob die eerste nag by Bet-el oornag. Daar het God baie aan Jakob beloop, en daar het Jakob ook baie aan God beloop.

God beloop aan Jakob dat hy Kanaän sal besit en God beloop ook bewaring aan Jakob oral waar hy mag gaan.

Jakob beloop aan God dat as God met hom sal wees...

dan sal hy:

- die Here as sy God aanbid... dit wil sê: God sal sentraal in sy lewe wees;

- terugkom en daar by Bet-el 'n plek van aanbidding vir God oprig;
- van alles wat hy het, tiendes aan die Here sal afstaan.

God het sy deel ten volle gedoen. Hy het Jakob laat ryk word by sy oom Laban, maar Jakob was nie getrou nie. Hy het sy geloftes aan die Here nie gestand gedoen nie. Sy huislike lewe het ontaard., bv. Ragel en Lea se jaloesie op mekaar. Dina het 'n skandvlek op haar familie gebring deur haar owerspel met die Sigemiete en Simeon en Levi se moord op die Sigemiete. Voorwaar 'n huisgesin om jou oor te skaam.

Al hierdie huislike spanninge en al die skande verwys na die feit dat Jakob en sy huis ontrou teenoor God geword het. God was nie meer die middelpunt van hul lewens nie.

Terug na Bet-el!

Daarom hoor Jakob nou, in die krisistyd van sy lewe en gesinslewe, die opdrag van God: "Maak jou klaar, trek op na Bet-el en woon daar." Terug na jou geloftes, Jakob! Terug na die begin van jou lewe! Terug na jou God toe, want **Bet-el** beteken... **huis van God**.

Daarom is dit ook God se woorde aan u: "Maak jou klaar, trek op na Bet-el en woon daar." Laat God weer die sentrale plek in julle huislike lewe inneem. Maak u huis 'n Bet-el... **'n huis van God**, en u sal geen egskeiding meer begeer nie!

P. J. J. S. Enslin

BETAAL vir jou saligheid?

Een van die praktyke in die Roomse Kerk waarteen Maarten Luther heftig geprotesteer het, was die sogenaamde **aflaatstelsel**.

Hierdie aflaatstelsel het daarop neergekom dat 'n mens — so is beweer — deur die betaling van 'n hoeveelheid geld, verlossing van sondes en die ewige saligheid kan verkry. Selfs is verklaar dat betaal kon word vir die sondes van geliefdes wat reeds gesterf het en nog in die "vagevuur" verkeer.

Hierdie praktyk is sedert die dae van die Hervorming met groot beslistheid deur Protestante as geheel en al onbybels en onchristelik afgekeur.

Maak ons ook so?

Tog wil dit voorkom asof hierdie praktyk besig is om in die laaste tyd weer sy kop uit te steek — al is dit dan in 'n effens ander vorm as vroeër in die Roomse Kerk.

Wat hier bedoel word, is dat daar baie mense is wat hulself nog Christene noem, maar kerklik baie min met die gemeente van die Here meelewe en saamstry. Hul kerkbesoek laat veel te wense oor.

Van 'n daadwerklike uitlewing van hulle geloof, sien jy by hulle baie min. Die Christelike opvoeding van hul kinders is vir hulle ook nie so 'n ernstige saak nie. Hulle doen nie werklik veel om meer kennis van die Woord van die Here te verkry en hulle self te verdiep in hulle geloof nie.

Een ding doen hulle darem en dit is om kerklike bydraes te gee. Daarmee reken hulle word die verkeerde wat hulle andersins doen, weer reggemaak. So word die skaal weer in hul guns na die regte kant toe oorgeswaai.

Daarom — so dink hulle — mag die Kerkraad hulle nie verbied om Nagmaal te gebruik nie en mag hul kinders se doop ook nie geweier word nie. Ter wille van hulle gereelde bydraes het God ook nie die reg om hulle te verwerp nie... so redeneer hulle. Hulle betaal mos vir hul saligheid; al is die godsdienstige geen effektiewe krag in hulle lewens nie.

God word nie omgekoop nie

Hoe dwaas is hierdie gesindheid en handelswyse nie; asof God Hom deur mense met hulle geld sou laat omkoop!

'n Mens kan werklik nie anders as om in hierdie verband aan die apostel Petrus se antwoord aan Simon, die towenaar, te dink nie. Petrus het aan hom gesê: "Mag jou geld saam met jou vergaan, **omdat jy gedink het om die gawe van God deur geld te verkry**. Jy het geen deel of lot in hierdie saak nie, want jou hart is nie reg voor God nie. Bekeer jou dan van hierdie boosheid van jou en bid tot God dat die gedagte jou miskien vergewe mag word." (Hand. 8:22).

Die Spreukedigter stel dit ook baie duidelik: "Die offer van die goddelose is vir die Here 'n gruwel." (Spr. 15:8). Ons moet nooit dink dat ons iets voor die Here kan verdien bloot deur ons offergawes... deur ons kerklike bydraes alleen nie.

Een het betaal

Daar is net Een wat kan betaal vir ons saligheid en dit is Jesus Christus. Dit het hy ook gedoen deur sy bittere en smadelike lyde aan die kruis op Golgota. Daar het Hy vir al ons sondes ten volle betaal.

As ons nou offergawes gee, moet dit opkom uit 'n hart wat oorloop van dankbaarheid teenoor die Here Jesus Christus. Waar hierdie gesindheid ontbreek en die verlossing deur Christus geen aangrypende, heerlike werklikheid is nie, is dit beter om nie gawes vir die diens van die Here te gee waardeur bedrog gepleeg word... deur te reken dat jy maandeliks vir jou plek op die nuwe aarde by God afbetaal nie.

P. J. de Bruyn

'n Poort na die hemel

Êrens het 'n Kerkhistorikus die volgende stelling gemaak: "Dit is onnodig om weer die bekende geskiedenis van Luther se herontdekking van die Bybel in sy persoonlike ondervinding te herhaal. Dis genoeg om te sê dat die Hervorming eintlik begin het, nie op die trappe van die Scala Sancta in Rome nie en selfs nie by die deur van die Slotkerk van Wittenberg nie, maar in die Swart Toring van die Augustynse Klooster te Erfurt, waar Luther voor 'n oop Bybel gesit het en God toegelaat het om van aangesig tot aangesig met hom te spreek. Luther vertel hoe hy by Romeine, hoofstuk een, bly stilstaan het.

"Dag en nag het ek gepeins, totdat ek die verband gesien het tussen die geregtigheid van God en die stelling: "Die regverdige sal uit die geloof lewe". Toe begryp ek dat die geregtigheid van God daardie geregtigheid is waarmee God ons uit louter genade geregverdig het deur die geloof. Op daardie oomblik voel ek dat ek 'n nuwe mens is — wedergebore. Die hele Skrif kry nuwe betekenis. Waar "die geregtigheid van God" my voorheen met haat vervul het, het dit nou vir my kosbaar geword. **Daardie woorde van Paulus het vir my 'n poort na die hemel geword.**"

"JESUS IS DIE HERE"

In Betlehem en Nasaret

Ongeveer 2010 jaar gelede is daar iemand gebore in 'n klein stadjie in Palestina — Betlehem. Veel ophef was daar nie, behalwe deur engele en herders en mense van sover as die Ooste. Miskien was daar tóg meer roering, want ons verneem van 'n koning wat in sy veilige paleis bedreig gevoel het en daarom die Kindjie wou doodmaak. Verder het alles baie eenvoudig verloop: die geboorte in 'n stal en sy ouers, Josef en Maria, was eenvoudige mense... Josef slegs maar 'n timmerman.

Ons hoor verder niks van Hom totdat Hy twaalf jaar oud is en daarna weer niks totdat Hy dertig jaar oud is. Hy word groot in die dorpie Nasaret waar Hy vermoedelik sy vader in sy daaglikse ambag bygestaan het. Toe hy ongeveer 30 was, begin Hy in die openbaar optree — slegs maar vir ongeveer drie jaar.

Sommige mense wat hom gesien en gehoor het — en dus beter behoort te weet as ons — sê dat sy prediking eenvoudig en tog indrukwekkend was, dat sy wonders normaal en tog buitengewoon was, dat Hy selfs dooies opwek het en, nadat Hy self gekruisig en begrawe was, uit die dode opgestaan het!

Sy naam was Jesus... 'n naam wat destyds nogal dikwels voorgekom het en alreeds in die Ou Testament te vinde is (Josua). Dit word beweer dat die geweldenaar Barabbas ook die naam Jesus gehad het.

In bronne buite die Bybel, die boek wat die Christene as die Woord van die lewende God aanvaar, word min van hierdie Jesus van Nasaret geskryf. Sover bekend het slegs een Romeinse en een Joodse skrywer sy naam vermeld.

"Jesus is die Here"

Nou kom een van die Bybelskrywers, Paulus, en sê dat Jesus "**die Here**" is.

Die titel "Here" is huiweringwekkend en veral was dit die geval van daardie dae. Hierdie titel het die Oosterse vorste en later die Romeinse keisers, toe hulle vergoddelik was, op hulself toegepas. Nou kom Paulus en stel dat nie die keiser nie, maar Jesus van Nasaret, die Gekruisigde en Opgestane Here is! "Here" beteken: die Gesaghebbende, die Besitter, die Magsvolle. Dit is Jesus van Nasaret! So word Hy deur die Christelike godsdiens bely!

Die situasie word nog meer gespanne as ons daaraan dink dat in die Griekse vertaling van die Ou Testament (die Septuagint), wat reeds voor die jaar 100 v.C. ontstaan het en ook deur baie Nieu-Testamentiese skrywers gebruik is, die naam "HERE" (JAHVEH) ook met "Here" (Kurios) vertaal word. Die nuwe Testament noem die God van Israel ook "Here".

Die situasie word skynbaar ondraaglik spannend as die Nuwe Testament verder stel dat Jesus van Nasaret **die Here** is! Jesus, gebore in Betlehem, opgegroeï in Nasaret, opgetree in Palestina, gekruisig, begrawe, opgestaan en opgevaar het na die hemel — Hy is die Here! Kán dit en hoé kan dit?

Alleen deur die Heilige Gees

Is dit moontlik om te sê dat Jesus "die Here" is? Is dit nie mensverheerliking nie... mensverafgoding nie? Was die Jode tog nie reg toe hulle Hom gekruisig het, omdat Hy gesê het dat Hy die Seun van God is nie? Hoe kan iemand sê: Jesus is die Here? Dis 'n vraag van lewe of dood!

So het Hy self eenmaal vir Sy dissipels gevra: "Maar julle, wie sê julle is Ek?" Paulus skrywe: "Niemand kan sê: 'Jesus is die Here', behalwe deur die Heilige Gees nie." (1 Kor. 12:3). Ook die dissipels kon hierdie belydenis nie sommer uit hulle eie innerlike opdiep nie, maar die Vader wat in die hemele is, het dit aan hulle geopenbaar. (Matt. 16:17).

Die antwoord is dus: alleen deur die Heilige Gees — alleen deur die openbaring van God! Dit is so moeilik, byna onmoontlik, omdat dit geen **menslike** saak is nie. Tog is dit doodeenvoudig: by God is alle dinge moontlik — moontlik om ons hart om te buig tot die belydenis: "Jesus is die Here," **want alleen langs hierdie weg is redding hier en hierna moontlik.**

So het hierdie woorde: "Jesus is die Here" die eerste belydenis geword van die ou kerk. Intiemer nog — so moet dit ook ú belydenis word: "My Here en my God!"

Mag die Heilige Gees u daartoe bring!

J. H. van Wyk

Op soek na geluk?

Het u al opgemerk met hoeveel ywer die mens soek na geluk? Hy soek na geluk in sy werk. Hy soek na geluk in sy huwelik. Hy soek na geluk in sy ontspanning. Hy soek na geluk met sy geld. Tog staan hy so dikwels verslae, omdat hy nie die geluk vind by die mense en in dinge waar hy dit soek nie. Waarom is dit so?

Dit is so, omdat die bodem waaruit ons lewe groei en waarop ons lewensgebou rus, vol van ongeluk is. Hierdie ongeluk het ontstaan, omdat die mens deur sy sonde van God, wat alleen ware geluk kan skenk, vervreem geraak het en 'n slaaf van Satan, die bewerker van alle ongeluk, geword het. Daar het skeiding gekom tussen God en ons.

Daarom gebeur dit dat daar, te midde van ons oppervlakkige geluk, soms oomblikke kom waarin ons bitter ongelukkig en beangs voel — dat jou senuwees begin vreet en jy ontsettend geïrriteerd kan raak. Dit alles getuig maar net van een ding: dat ons deur ons sondes van die enige ware Skenker van geluk losgeraak het en daarom ongelukkige wesens is. Daar lê die diepste rede vir u ongeluk.

Geluk... waarvandaan?

Hoe vind 'n mens nou ware geluk? Alleen deur Jesus Christus. Hy is die Een wat gekom het om die ongeluk van ons weg te neem en in die plek daarvan aan ons ware, innerlike geluk te skenk. Dit het Hy gedoen deurdat Hy die breuk herstel het wat daar tussen God en ons gekom het. Hy het ons weer aan God gebind en met God versoen deur vir ons die vergewing van sondes te bewerk.

Vergewing

Weet u wat vergewing is? Vergewing beteken dat twee persone (of groepe) wat deur iets van mekaar geskei is, weer by mekaar gebring word deurdat dit wat hulle van mekaar skei, te oorbrug of uit die weg te ruim.

Dit is wat Jesus Christus vir ons gedoen het. In en deur Christus het God werklik vir ons Immanuel — God met ons — geword. Daarvan getuig Petrus as hy sê: "Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely, Hy die regverdigte vir ons die onregverdiges om ons tot God te bring" (I Petr. 3 : 18).

Daarom word Christus heeltemal tereg ook **Saligmaker** genoem en Saligmaker beteken eintlik niks anders as Gelukkigmaker nie. Hy het ons salig en gelukkig gemaak deurdat Hy ons weer by God, die enigste oorsprong van alle ware geluk en vreugde, gebring het.

Christus alleen

Uit dit alles is dit duidelik dat Christus **alléén** ons weer by God kan bring en met God kan versoen. Niemand anders kan en kon dit doen nie — nie sy moeder, Maria nie, nie sy dissipels of apostels nie, geen ander mens nie — net Hy alleen. Daarom kan Petrus, as hy van Christus spreek, ook met volle oortuiging sê: "En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam in die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie." (Hand. 4:12).

Hier vind ons dus die antwoord op al die vrae en soektogte na geluk: die geloof in Jesus Christus. Sonder Hom sal ek nêrens geluk vind nie en gaan ek soekende deur die lewe en vrees ek die dag van my dood, maar in en met Hom het ek ware geluk en vreugde gevind. Dié geluk kan niks van my wegneem nie — geen smart of lyde of dood nie.

Net vir andere?

Onthou Christus het ook gekom en gely om ook u geluk te bewerk — geluk vir hierdie lewe en die lewe hierna, maar dan moet u waarlik in Hom glo. In die Bybel lees ons dat 'n apostel eenmaal aan 'n ongelukkige man gesê het: "Glo in die Here Jesus en jy sal gered word." Hy kon ook gesê het: "Glo in die Here Jesus Christus en jy sal geluk vind."

Dit geld ook vir u.

P. J. de Bruyn

VERWONDER JOU

Fyngevoeligheid en liggeraaktheid is gewoonlik kenmerke van 'n sondaar. Hy skram weg as daaroor gepraat word. Hy probeer die onderwerp so taktvol en so vinnig as moontlik verander, of hy bars eenvoudig net in woede uit.

Hierdie reaksies is nie vreemd nie. Vanaf die eerste sondaar reageer almal min of meer op dieselfde wyse. Laat ons dit erken: dit is pynlik om oor sonde te praat... veral jou persoonlike **sonde**. Tog is dit nodig. Sonde is die grondoorsaak van alle ellende, smart, verdriet en teleurstelling in die lewe... ook in jou lewe. Daarom dat jy nooit ware geluk en vreugde in jou lewe sal ondervind, solank jy nie erns maak met jou sonde nie.

Jou sonde bring jou altyd by Jesus Christus. Sondaars het ondervind dat die ontmoeting met Hom één grootste verrassing inhou — 'n verrassing wat heilige verwondering by jou bring. Gewoonlik dink jy dat dit so anders sal wees: verdoeming, veragting en verwerping tot in die diepte van die siel.

Tog is dit heel anders, maar begryp goed: geen operasie geskied sonder pyn nie. Ook Hy sal dadelik met jou sonde begin, maar vertroostend, simpatiek en verlossend, want dit is wat Hy is: Verlosser, Saligmaker, Verlosser van sonde, **Versoener met God**.

Neem die ontmoeting van Jesus met die verlamde man, die ontmoeting met die Samaritaanse vrou en ook ander ontmoetings. Die verlamde man het na Jesus gegaan om van sy bene wat verlam was, genees te word. Dit was sy nood — die sigbare teken van die ellende, smart, en verdriet in sy lewe. Hy het van Jesus niks meer verwag as die genesing van sy verlamming nie. As dit maar kon gebeur, sou hy die gelukkigste man wees wat lewe.

Wat gebeur as hy uiteindelik, op so 'n buitengewone wyse, deur die dak, tot 'n ontmoeting met Jesus kom? Jesus sien hom as verlamde voor Hom lê en tog is die eerste woorde wat Hy tot hom spreek: "Seun, jou sondes is jou vergewe." Dit is die grootste verrassing wat die mens in sy lewe te beurt kan val — dat die grondoorsaak van alle ellende genees kan word.

Jesus het nie gekom om die lewe vir die mens gerieflik en gemaklik te maak nie. Hy het gekom oor die grondoorsaak... die sonde. Daarom begin Hy nie by die bene van die man nie, maar Hy begin by die sonde. Hy weet dat die eintlike nood van die mens is om vervul te word met die ewige genesing van die sonde.

Dit gaan by Jesus ook om die bene van die man, maar Hy begin met die nood agter die nood. Die eintlike verlamming is nie in jou bene nie, maar in jou hart, in jou siel. Daarom is jou lewe vol verval en vol vervreemding van God. Dit is jou eintlike nood.

Dit is nog geen lewe as jy op jou bene kan rondwandel nie. Die lewe begin pas wanneer die sonde versoen is, die vervreemding opgehef is — wanneer die verhouding tot God herstel is. "Seun jou sonde is jou vergewe." Van hierdie woord leef 'n mens. Jesus verkondig nie maar net aan die man die vergifnis nie. Hy vergewe inderdaad, want hy het die mag daartoe.

Sien Sy geopende graf, en weet: Hy is Oorwinnaar oor die sonde. Wat 'n verrassende ontmoeting is die ontmoeting met Jesus nie! Wat 'n heilige verwondering dat Jesus ook aan my, 'n sondaar, kan sê: "Seun, jou sonde is jou vergewe."

Jy sal sê: "Dit is te maklik." Kyk na Golgota. Dit is wat van Hom geveg is om só tot jou te kan spreek. Jy moet saamstem, dit was nie maklik nie. Al wat Hy van jou vra is: "Glo in My."

Moenie met Hom argumenteer nie — verwonder jou en glo!

B. v. d. Walt

U WORD GENOOI

*O, almal wat dors het,
kom na die waters;
en wie geen geld het nie,
kom, koop en eet;
ja, kom,
koop sonder geld
en sonder prys,
wyn en melk.*

*Waarom weeg julle geld af
vir wat geen brood is nie,
en julle arbeid
vir wat nie versadig nie?
Luister aandagtig na my
en eet die goeie,
en laat julle siel
hom in vettigheid verlustig.*

*Neig julle oor en kom na My toe,
luister,
en
JULLE SIEL SAL LEWE . .*

Jes. 55:1-3